Dié portretkuns vang mens se wese vas

MARIÉ STANDER is dié week aan die beurt in Kunskyk, 'n rubriek waarin Suid-Afrikaanse kunstenaars die geleentheid kry om die werk van nog 'n kunstenaar te bespreek. Stander het die werk van die Britse kunstenaar Lucian Freud gekies.

As student het my bewondering vir portret- en figuratiewe werk só gegroei dat ek besluit het om die res van my vierjaar-kursus in beeldende kuns op die skilder en teken van modelle te fokus. Dit was 'n kosbare leerproses en pure vreugde.

My fassinasie en entoesiasme met die uitbeelding van mense groei steeds – soos in my houtskoolportrette wat tans in Focus Contemporary in Loopstraat, Kaapstad, uitgestal word.

Ek verbeeld veral mense van die dorpie Jamestown (buite Stellenbosch) waar ons die afgelope 11 jaar woon. Ten spyte van die feit dat ek hulle uitbeeld in die tipiese "warts and all"-tradisie, het ek baie deernis en empatie met my sitters.

Vir my is die essensie van 'n portret nie die uiterlike skulp van my sitter nie, maar sy siel en wese. Die portrette in Focus is konfronterend en die familiariteit daarvan roer jou. Elkeen word uitgebeeld met sy individuele storie.

Die gebruik van houtskool in die meeste van my werke spruit uit my "obsessie" met lig en donker. Dit oorheers en skep terselfdertyd besonderhede.

Ek vind die taktiele en onmiddellike kwaliteit van die medium baie bevredigend.

Ek het vir die eerste keer met die Britse skilder Lucian Freud kennis gemaak in my tweede jaar van beeldende kunste aan die Universiteit Stellenbosch.

Paul Emsley, my skilderlektor, het 'n boek met die werk van Freud een oggend aan ons klas gewys en spesifiek die portret van die Britse skilder John Minton, wat Freud in 1952 geskilder het, uitgewys. Na sy mening is dit een van die beste 20ste-eeuse portrette.

Ek het daarna gestaar en behoorlik hoendervel gekry. Die portret se rou emosie, wat Freud meestal met behulp van distorsie en 'n eksploitering van kleur verhoog het, het my geruk. Soveel so dat ek die volgende Saterdagoggend op die trein geklim het en die laaste eksemplaar in Exclusive Books in Adderleystraat gaan koop het.

Dit was vir my soos 'n skilderbybel. Freud se werk was verruklik, die sober emosie en karakter van sy sitters, sy taktiele, amper kru, oorlaaide aanwending van verf het my ingetrek.

Wat my beïndruk, is die skaal van sy werk, wat totaal en al oorheers en konfronteer, asook sy algehele assosiasie en begrip vir sy sitter.

Freud meen immers "painting and drawing absorbs memory and associations in ways photography, in its various forms, cannot."

Toe Freud in 'n onderhoud gevra is oor die meriete van 'n skildery, het hy geantwoord: "What do I ask of a painting? I ask it to astonish, disturb, seduce, convince."

■ Stander se werk is tot 25 Junie in Focus Comtemporary te sien.